Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 18 Mei 1949 Prys 3d. No. 27

# Moontlike Gevolge Van Nuwe Beleid

**Ek wil vandeesweek skrywe oor die nuwe aangesig wat die Suid-Afrikaanse politiek besig is om te kry sedert die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, van die Londense Konferensie af teruggekeer het.**

**DIE O.B. is vandag die enigste republikeinse blad in die land. Hy is die enigste pleitbesorger vir die tradisionele standpunt van die Afrikaner wat los van die Britse Empire wil staan. Gee dit aan 'n republikeinse vriend en vra hom om in te teken.**

Die verskil tussen dr. Malan se vòòr-Londense en sy ná-Londense beleid, en die betekenis van sy veranderde opvattings, is reeds taamlik volledig in hierdie blad bespreek. Maar wat gaan die gevolge van dit alles wees? Wanneer 'n partyleier van die formaat van dr. Malan — wat boonop nog Eerste Minister is — 'n nuwe politiek begin volg dan moet sy ommeswaai noodwendig reperkussies hê oor die hele politieke terrein. Wat gaan hierdie reperkussies wees?

Sedert die vroegste dae van ons volksbestaan word die politieke stryd in ons land gevoer tussen die Nasionalis en die Imperialis. Dit was nog steeds die primêre verdeling. En m.i. sal hierdie verdeling bly voortbestaan totdat Suid-Afrika die Britse konneksie verbreek het en 'n vrye republiek geword het — los van alle Britse bande.

## V.P. IN LONDEN DOODGEMAAK

### EEN PATROON

Die politieke partye in ons land is almal uitgebou op hierdie verdelings-patroon: daar is die nasionaalgesinde partye en die Britsgesinde partye. Totdat dr. Malan na Londen gegaan het was die Herenigde Nasionale Party gereken onder die nasionaalgesinde partye en die Verenigde Party onder die Britsgesindes. Maar sedertdien het dr. Malan vanaf Londen teruggekeer as die kampvegter van die moderne Britsisme, van die „nuwe Statebond"; en tot dusver het sy party hom en sy nuwe Statebondsbeleid nog nie gerepudieer nie. Mens moet dus aanneem dat die H.N.P. bereid is om Brits te word saam met sy leier — in die sin dat hy staan vir behoud van die Britse konneksie en Britse instellings. Derhalwe moet die H.N.P. nou ook gereken word onder die Britsgesinde partye in ons land. Die leier van die H.N.P. het tewens die onderskeiding om die eerste — en dusver enigste — „nasionaalgesinde" leier te wees wat openlik die ideaal van 'n Afrikanerrepubliek verwerp ten gunste van 'n Britse „republiek."

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR 'N MEDEWERKER**

### SAMEWERKING

Ek weet dat dit vir baie welmenende en opregte lede van die H.N.P. 'n bittere teleurstelling gaan wees wanneer hulle ten volle besef dat hulle geliefde party nou 'n Britsgesinde party geword het. Wat hulle reaksie gaan wees kan ek nie voorspel nie. In ieder geval die feit staan vas dat die H.N.P. en die V.P. vandag die twee vernaamste Britsgesinde partye in ons land is; en dat daar vroeër of later 'n formule vir samewerking tussen die twee partye gevind sal word ly geen twyfel nie. Op die vroegste stadium, toe dr. Malan in die Volksraad vir die eerste keer verslag gedoen het van die Londense konferensie, het die V.P.-swepe alreeds die V.P.-volksraadslede aangesê om dr. Malan nie aan te val nie en om hom onder geen omstandighede aan sy republikeinse verlede te herinner nie! Sedertdien is openlik in die Volksraad van V.P.-kant samewerking met die H.N.P. bepleit. Daar het nog nooit in Suid-Afrika twee Britsgesinde partye langs mekaar bestaan sonder dat hulle uiteindelik één geword het nie. Na 1912 het die nuwe en Britsgeworde Suid-Afrikaanse Party en die ouderwetse Britse Unionistiese Party langs mekaar bestaan, maar in 1920 het die nuwe Britse party die ouderwetse een ingesluk en het die Unioniste verdwyn. Ek voorspel dat dieselfde petalje hom gaan herhaal — die nuwe Britsgeworde H.N.P. gaan die V.P. insluk en die V.P. met sy ouderwetse Britsisme gaan eweas die eertydse Unionistiese Party van die toneel verdwyn.

### HET V.P. DOODGEMAAK

Ek meen derhalwe dat dit korrek is om te sê dat dr. Malan in Londen die V.P. dood gaan maak het; maar ongelukkig, tot spyt van duisende van sy lede, is dit ook korrek dat die gestorwe V.P. — insover hy draer was van die Britse konneksie — onmiddellik gereïnkarneer is in


(Vervolg op bladsy 8 kol. 4)

# K.G. Ontken Berig Insake Ontbinding

**In 'n verklaring wat deur die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede week in Pretoria uitgereik is, ontken die K.G. die kleinlike berig in die H.N.P.-pers as sou hy om redes van persoonlike ambisie die O.B. oorboord wil gooi. Die O.B. het 'n verdere taak op sy skouers gekry en hy gaan voort, aldus die verklaring.**

„Aan die manne en vroue wat my vertrou en ken, wil ek die versekering gee dat ek nie deur politieke ambisies beweeg word nie en dat wat ek tot dusver gedoen het, ek gedoen het omdat hulle my genooi het om as leier op te tree in tyd van nood en gevaar.

„Ek het die O.B. na die beste van my vermoë gelei en waar ek kort geskiet het, was dit nie te wyte aan gebrek van goeie bedoelings nie. Tot tyd en wyl



Dr. Hans van Rensburg.

die kamerade van die O.B. my nie meer nodig het nie, is ek nie van plan om pad te gee van die kameraadskap nie.

„Vandag het die O.B. 'n verdere taak op sy skouers gekry om Afrikaners wat weggelok word van die republikeinse gedagte weer terug te wen vir die enigste staatsideaal wat die Afrikaner ooit geken het, naamlik 'n vrye Republiek gebonde aan niks behalwe sy eie gewete nie. Dat die taak eensamer is, maak dit eervoller."

# „Konneksie" In Veilige Hande

'n Nuwe element in die „republikeinse" standpunt van die Eerste Minister is dat Suid-Afrika „in enige omstandighede" binne die Britse Ryk of Statebond wil bly solank daar nie inbreuk gemaak word op sy regte en vryhede nie.

**Hierdie standpunt beteken dat daar van nasionale kant vir goed afgesien word van verbreking van die Britse konneksie solank Engeland net nie met die bestaande konneksie peuter nie.**

Die algehele afhanklikheid van Suid-Afrika is dus nou afhanklik nie meer van ons eie wil nie, maar van dié van Brittanje.

**Maar sal Brittanje „inbreuk maak" op ons „regte" wanneer hy self die huidige formule ontwerp het om die Empire te red?**

# „Statebond Het Beslag Gelê Op Die Gees"

**Die toespraak van dr. Malan op 11 Mei in die volksraad sal in die toekoms beskou word as 'n keerpunt in die vryheidsgeskiedenis van ons land. Van die betekenisvolste dinge wat hy gesê het, is nie in die nasionale pers opgeneem nie, waar sy toespraak, uit die aard van die saak ook baie ingekort is. Weens die belangrikheidvan sy houding ten opsigte van die Britse Ryk, haal ons daardie gedeelte woordeliks aan uit Hansard (No. 15, par. 5683):**

„Ek sê die samehorigheid van die Statebond is getoets geword en hy het die toets deurstaan en dit is op die duidelikste wyse hier bewaarheid geword. Nou die vraag is: Waarom is dit so? Ons moet vir daardie verskynsel — en dit is 'n merkwaardige en belangrike verskynsel — 'n verklaring gee. Die verklaring wat ek daaraan kan gee is alleen dat daar in die eerste plaas gemeenskaplike belange bestaan tussen die verskillende lede van die Statebond, en wat deur hulle so gesien en gevoel word. **Daar is verder 'n gemeenskaplike of algemene uitkyk op die lewe.** Sommige staan nader bymekaar, ander staan verder af, **maar daar is 'n gemeenskaplikheid van uitkyk op politieke gebied; dit is selfs so in die geval van Indië wat andersins miskien die verste af staan van die ander lede van die Statebond, dat hulle besluit het om hul konstitusie in te rig op die model van die Britse konstitusie en van ons s'n hier.** Met ander woorde hulle is wel 'n republiek, maar hulle is 'n demokratiese republiek, en hulle wyse van parlementêre regering is of bly grotendeels dieselfde as wat dit te vore was. . . .

### WIL SAAM BLY

„Nou, daar is gemeenskaplike belange, daar is 'n algemene gemeenskaplike uitkyk, daar is 'n gevoel dat die nasies van die Statebond bymekaar staan en hulle wil, indien dit enigsins moontlik gemaak word, bymekaar bly. Maar wat veral volgens my beskouing die rede is waarom die Statebond nieteenstaande veranderings en ontwikkelings wat plaasgevind het, tog bymekaar kan bly, is omdat die Statebond getoon het 'n aanpassingsvermoë te hê in 'n veranderde wêreld, in veranderde omstandighede. Met ander woorde, in wat ek hier gesê het is dit inbegrepe dat hy respek het vir vryheid, vryheid nie alleen van almal saam nie, maar vryheid vir elke lid apart van die Statebond. Daar is 'n aanpassingsvermoë. **Ons het dit gesien in ons tyd ook met betrekking tot Suid-Afrika.** Die meeste van ons het in ons jongere dae hier gewoon onder die heerskappy van 'n Ryk, 'n Britse Ryk. Dit beteken dat die besturende mag uitgegaan het van een sentrum — die sentrum oorsee. Die res van die Ryk was onderworpe aan die wil en die heerskappy van daardie een magsentrum. **Maar ons het in ons dae ook gesien hoe die Britse Ryk omgeskep is langs vreedsame konstitusionele weg tot iets anders, tot 'n gemeenskap — sover dit die dominiums betref — van vrye onafhanklike volke wat met mekaar deur sekere bande geassosieer geword is, maar waar die een nie, òf wat sy binnelandse òf wat sy buitelandse belange betref, onderworpe is aan die ander nie.** Die Britse Ryk het tot so 'n mate aanpassingsvermoë gehad, dat hy hom omgeskep het in feitlik iets nuuts. Daardie selfde aanpassingsvermoë aan nuwe omstandighede in 'n veranderde wêreld, is ook nou weer geopenbaar geword hier by die konferensie en by die besluit wat hier nou geneem is.

### SMUTS SE WOORDE

„Dit is dikwels gesê — ek **dink my agb. vriend daar aan die anderkant van die Huis (genl. Smuts) het dit dikwels in baie sterker woorde beklemtoon** — dat die Britse Ryk nie 'n organisasie is nie, of daar is nie so iets as 'n Britse Ryk nie behalwe Engeland en sy kolonies; maar die Statebond is nie 'n organisasie nie — dit is 'n **lewende organisme; en 'n lewende organisme kan nie bly lewe as hy nie aanpassingsvermoë na nuwe omstandighede het nie. En die feit dat die Statebond ook nou weer getoon het 'n aanpassingsvermoë te hê en getoon het dat hy nie 'n organisasie is nie, maar 'n organisme, het gemaak dat hy kon bly lewe in die verlede. Dit maak dat hy kan bly lewe vandag.** As daar in die grondslag van die Statebond was wat ons in Engels noem ‚rigidity' (onbuigbaarheid) dan sou die Statebond al lankal onder gegaan het. Dit is 'n saak wat ongetwyfeld in aanmerking moet geneem word waar ons oordeel oor hierdie belangrike stap wat hier nou geneem is. Met ander woorde, laat ons dit so uitdruk:

**„As die bande wat bind, losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om die bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees.**

### ERKEN KROON

„Nou wat wys dit vir ons? Die stap wat daar geneem is wys vir ons verder dit: Wat beskrywe word in die aanhef van die Statuut van Westminster, naamlik dat die Statebond gebaseer is op die ‚common allegiance', met ander woorde almal van hulle moet — en in werklikheid doen hulle dit — die Kroon erken en met die Kroon verbind wees, dat dit nie die enigste band is wat die Statebond aanmekaar hou nie. En ek gaan verder: **Ek sê dit is**

(Vervolg op bladsy 8 kol. 1)

# Unie Vat Nog Meer Sterling Vir Goud

Brittanje het £30,000,000 van die Suid-Afrikaanse goudlening van £80,000,000 terugbetaal in sterling. Die afgelope week het hy nog £5,000,000 terugbetaal. Die terugbetaling geskied nie in goud nie, maar in sterling sodat Suid-Afrika verplig is om in Brittanje te koop. Brittanje het dus 'n dubbele nut van die lening wat hom twee jaar gelede deur sowel die regering as die opposisie geskenk is in goud. Die voorwaarde was dat as hy dit binne drie jaar terugbetaal dit nie in goud hoef te wees nie.

## Regering Wen 'n Setel

**Die meerderheid van die regeringskombinasie in die volksraad is met een vermeerder deurdat die kandidaat van die Verenigde Party in die tussenverkiesing te Vereeniging met 16 stemme verslaan is. Anders as op 9 Maart het die Afrikanerparty die kandidaat van die H.N.P., dr. J. Loock, aktief gesteun, soos dan ook blyk uit die groot vooruitgang.**

Dr. Loock is dieselfde persoon wie se naam in 1942 deur H.N.P.-blaaie gebruik is om dr. Van Rensburg se eerbaarheid as republikeinse leier in verdenking te bring.

Die tussenverkiesing is veroorsaak deur die bedanking van kol. K. Roodt as lid van die volksraad. Hy was lid van die V.P.

In 'n ander tussenverkiesing wat die afgelope week in Port Elizabeth-Noord plaasgevind het, is die Engelssprekende kandidaat van die H.N.P. verslaan met 1,412 stemme.

Die twee uitslae was as volg:

**Vereeniging:**

| | |
|---|---|
| Dr. J. Loock (H.N.P.) ... | 5,821 |
| Dr. R. H. Amm (V.P.) ... | 5,805 |
| H.N.P.-meerderheid ... | 16 |

Op 9 Maart het die V.P. 5,367 en die H.N.P. 4,696 stemme gehad. Daar het nou 9 persent meer kiesers gestem as op 9 Maart.

**Port Elizabeth-Noord:**

| | |
|---|---|
| Mnr. J. A. Cull (V.P.)... | 5,559 |
| Lt. kol. G. Wynne (H.N.P.) | 4,147 |
| V.P.-meerderheid ... ... | 1,412 |

Die vorige V.P.-meerderheid was 1,832.

# Opposisie Gaan Land Bankrot Maak Om Weer Te Kan Regeer

**Die Burger het verlede Woensdag met 'n betekenisvolle berig gekom in verband met die houding van die Verenigde Party. Die blad berig dat die opposisie besig is om 'n ekonomiese propaganda-„offensief" voor te berei wat die „depressie-propaganda van voor die provinsiale verkiesings na 'n floue repetisie sal laat lyk". Die blad voeg daaraan toe dat die breë strategie, soos deur genl. Smuts neergelê, is om die opposisie se samewerking aan te bied vir die regering se planne om Suid-Afrika se buitelandse betalingsposisie gesond te maak. Maar terselfdertyd sal elke maatreël van die regering as lapwerk of as landskadelik veroordeel word.**

Ons twyfel nie daaraan dat die blad se partypolitieke voorgevoel hom sekerlik nie in die steek laat nie. **Alles dui daarop dat bogenoemde siening korrek is.** Die Verenigde Party het sowel by monde van sy sprekers as sy pers aansoek gedoen om 'n koalisie. Die party voel dat sy donder deur dr. Malan gesteel is na laasgenoemde se Londense besoek. **Dr. Malan het geword die liefling van die Statebond wat nou pleit vir Rykseenheid en nie meer genl. Smuts nie. Laasgenoemde is vir die Britse oogmerke verouderd — hy pas nie meer in by die moderne Britse imperialisme en diplomasie nie.** En hoewel hy agterna tog ook die nuwe planne gesnap het deur ietwat laat sy hoed in die lug te gooi met die uitroep dat dr. Malan nou „die lig gesien het," besef die Verenigde Party dat hul leier te laat wakkergeskrik het en dat dr. Malan klaar 'n groot deel van die Britse sentiment gevang het — soos trouens sy groot vooruitgang in Vereeniging en selfs Port Elizabeth in die tussenverkiesings aldaar bewys het.

### NOU MALAN SE PERD

**Met ander woorde die Verenigde Party het besef dat die groot skeidslyn oor buitelandse beleid en republikanisme weggeval het en dat hy dus nie meer op die Britse sentiment-perdjie kan ry nie. Hierdie perd trek nou in dr. Malan se karretjie.** Daar bly dus vir hom nie veel meer oor as om sy opposisiespore te verdien met behulp van binnelandse vraagstukke nie, en die is ook nie te volop nie — ten minste sover dit duidelike verskille tussen die partye betref. Die party sien dus geen pad uit die „woestyn" nie. Al die ou strydkrete loop dood teen dr. Malan se nuwe Empire-beleid, **en die enigste weg uit die woestyn skyn te wees om òf 'n koalisie af te dwing òf om die land in so 'n ellende te stort dat die volk in radeloosheid om die brood ontwille weer na hom sal kom en hom sodoende uit die woestyn binne die groenkussings sal stem.**

### SLUIT UIT

Ons het hier te doen met die wese van die Britse partystelsel wat die grondoorsaak is waarom 'n land nie vooruit kan gaan nie.

Die sogenaamde volksverteenwoordigers verteenwoordig nie die volk nie, maar 'n party wat as eenheid òf aan bewind kom òf in die politieke snippermandjie beland — hulle noem dit in partypolitieke taal „die woestyn". Hy is dus òf aan die mag òf buite in die koue waar hy geen ander taak het as om te blaf en alarm te maak in die ore van die kiesers nie. Geen party hou van die woestyn nie en hy wil daar uit met alle mag. **Maar die parlementêre konstitusie maak dit vir hom onmoontlik om daaruit te kom behalwe as hy 'n volgende verkiesing wen of met die regerende party ooreenkom om die groen kussings tussen hulle te verdeel — 'n sogenaamde koalisie.** Nou, geen party aan bewind is so goedhartig dat hy van sy eie voorperde gaan uitspan net om plek te maak vir 'n paar voorperde van 'n mededinger nie. **Hy doen dit alleen as hy deur die nood daartoe gedryf word** — dit wil sê wanneer hy nie meer seker is dat hy die volgende verkiesing gaan wen nie.

### DIE REGTE TYD

Koalisie is dus alleen moontlik wanneer albei partye — regering en opposisie — twyfel aan hul kanse by 'n volgende verkiesing. 'n Regeringsparty moet dus oppas dat hy nie te lank wag voordat hy 'n koalisie sluit nie, want as dit duidelik word dat die stroom teen hom gedraai het, sal die opposisie liewers alleen veg en die bewind weer alleen bemagtig. Dan is die regeringsparty weer in die opposisie-woestyn.

### EKONOMIESE CHAOS

**Die Verenigde Party hoop dus dat hy deur skrikaanjaging die regering sal dwing om met hom 'n koalisie in die volgende twaalf maande aan te gaan. En as wapen gaan hy gebruik ekonomiese ontwrigting.** Dit is omtrent die spel wat die Duiwel met Job gespeel het — **hy gaan alle denkbare kwaad aanrig op die man se plaas in die hoop dat hy na sy kant toe sal val.** Wat die opposisie dus in die mou het, is om met sy propaganda soveel ontwrigting en werkloosheid te veroorsaak dat die kiesers se gemor en geklaag so 'n nagmerrie vir die regering gaan word dat hy die hand van vriendskap aan die opposisie sal reik om sy vel te red. Dan kan die regering aan sy ministers wat moet plekmaak vir die opposisie se Lawrences, Steyns en Conroys, vertel dat hulle in elk geval in die woestyn sal moet gaan as soiets nie gebeur nie. **Sommige sal miskien verkies om in elk geval in die woestyn te gaan, soos dr. Malan in 1933 gedoen het met die hoop op beter dae — 'n hoop wat natuurlik nooit beskaam solank die parlementêre wiel sy draaie draai nie. Wat onder is MOET weer bo kom.**

Dit is die spel wat genl. Smuts en sy woestyngenote nou gaan


## Al Manier By Parlementêre Stelsel Verby Te Kom

speel. Hulle gaan dr. Malan met bankrotskap van die land as koevoet beweeg om koalisie te sluit. **En ons vrees dat hierdie dreigement vroeër sy doel sal tref as wat algemeen besef word.**


**Maar waarom eers 'n land bankrot maak voordat daar samewerking kan kom? Is dit dan nie beter dat ons 'n stelsel invoer wat samewerking as grondslag het in plaas van partypolitieke wedywering nie?**


## Versigtige verpakking verseker veilige aflewering


**Dit is ONSEKER** | **Dit is VEILIG**




Moenie goedere los verpak nie.




Maak alle ruimtes styf vol.




Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie.



Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm.



Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie.



Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier.

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal

*Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*


## Duitsers Sal Plase Verloor

Die Duitsers wat verlof ontvang het om in Suidwes te bly en wie se eiendom deur die staat gekonfiskeer is, sal waarskynlik nie hul eiendom terugkry nie.

Baie van die Duitsers was groot eiendomsbesitters. In 'n verklaring wys die Tesourie daarop dat die Unie so gekompromitteer is met die herstelbetalingsooreenkoms van die Geallieerdes dat die eiendom waarskynlik nie terug gegee sal kan word nie.

## Flukse Offisiere



Komdte M. C. Erasmus.

Komdte M. C. Erasmus, 'n onmisbare krag in die Afrikaanse gemeenskap van Krugersdorp, maar ook 'n waardevolle krag vir die O.B. aan die Witwatersrand.

Bygestaan deur hfkomdt Z. Eloff het komdte. Erasmus verlede jaar £100 in die organisasiefonds van die Ossewabrandwag gestort.

Haar pligsbesef en getrouheid is sedert die afgelope 10 jaar, onbesproke gewees.

## Minister Sê Hy Het Geen Mag Teen Rooi Propaganda

**„Daar is 'n sterk gevoel dat sekere tydskrifte en koerante wat Kommunistiese leerstellinge in die Unie versprei, aan bande gelê moet word. Hierdie tyd sal moet kom," het die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, in die Volksraad verklaar toe hy geantwoord het op 'n versoek dat propaganda van die Kommuniste en hul party in die ban gedoen moet word.**

Die Minister het gesê dat hy geen mag besit om die Kommunistiese pers aan bande te lê nie en hy wou van die Verenigde Party weet wat hul beskouing is oor moontlike wetgewing van hierdie aard en of hulle sodanige wetgewing sal steun. Die Opposisie wou hom vanselsprekend nie kompromitteer nie.

**Die posisie is vandag dat koerante van die Unie deur ander lande belet kan word. Die binnekoms van sekere Suid-Afrikaanse koerante is bv. deur Rhodesië verbied. Maar die Unie-regering self het geen reg om so iets te doen nie, het spr. gesê.**

Minister Swart het ook aangekondig dat hy dit oorweeg om vergaderings op Sondag deur wetgewing te belet. Dit is bekend dat die Kommuniste gewoonlik hul vergaderings op die Sabbat hou.

## OPTREDE TEEN „POOLS"

Die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, het die afgelope week wetgewing in gedien wat ten doel het om „sportpools" onwettig te verklaar en om deelname aan buitelandse „pools" binne die Unie strafbaar te maak.

Hierdie stap is 'n tydige, want nadat in die Unie kragtens bestaande wette stappe gedoen is teen sekere „voetbalpools", is die euwel voortgesit òf in ander vorms òf vanuit aangrensende gebiede.

Die Minister het ook kort gelede te kenne gegee dat hy strenger gaan optree teen Sondagsport.

# Opposisie ,Vind Fout' Met Wat Hy Self Gedoen Het

**'n Kenmerk van die partypolitiek is dat die party in opposisie met die grootste verontwaardiging protesteer teen dieselfde dinge wat hy gedoen het toe hy aan bewind was sonder dat die publiek ooit daaraan dink dat hy inkonsekwent handel. So byvoorbeeld klink die „kritiek" van die huidige opposisie teen onder andere die hoë lewenskoste, die woningvraagstuk en selfs die vleistekort omtrent woordeliks soos dié van die huidige regeringsparty 'n paar jaar gelede.**

## Partye Se ,Ping-Pong' Met Griewe Van Kiesers

'n Tipiese voorbeeld van hierdie „ping-pong-spelery" word gevind in die hoofartikel van die Cape Times van 7 Mei waar die blad sidder oor die „outoritêre" neigings van die huidige bewind, en noem hy omtrent niks wat nie in erger mate onder die vorige bewind plaasgevind het nie. Hy skryf onder meer:

„Daar was baie voorbeelde, waarvan die jongste is mnr. Brink wat nie van die rolprent Sarie Marais hou nie. Sy onmiddellike reaksie is dat die sensor ('n burokraat wat in die geheim en met onbeperkte en willekeurige magte optree) iets daaromtrent moet doen. Vir hom is die aangewese weg die burokratiese dekreet, en die duiwel bewaar diegene wie se menings verskil van die klein Hitlers wat weet wat vir ons goed is . . . 'n Ander onbeduidende Nasionalis verlang dat die grammofoonplate van Paul Robeson verbied moet word. Die masjinerie wat hierdie klein Hitler wil gebruik was bedoel om te verhoed dat onsedelike gemors die land inkom. **Maar dit pas die Nasionaliste heeltemal goed dat omdat dr. Van Nierop nie van mnr. Robeson se politieke oortuiging hou nie, mnr. Robeson se pragtige en** diep godsdienstige lewerings van die Negerse geestelike liedere willekeurig verwyder moet word van ons kulturele lewe.

**DIE GUARDIAN**

„Mnr. Sauer hou nie van die politieke opinies van die Guardian nie en omdat hy nog nie 'n koerant deur middel van ministeriële dekreet kan verbied nie, **berokken hy daaraan soveel skade as moontlik deur dit van die spoorwegboekwinkels te verban.** Dr. Dönges hou nie van die menings van sekere Indiërs nie, en daarom beperk hy hul bewegings as individue deur aan hulle op willekeurige wyse paspoorte te weerhou. Vir 'n volwasse staat gaan ons tot belaglike afstande om aan 'n paar burgerlikes die reg af te staan om te bepaal watter boeke ons uit die vreemde mag lees. Selfs dit is nog nie genoeg vir sommige Nasionaliste nie, wat 'n ander raad wil instel om te bepaal watter binnelandse leesstof ons kan kry.

**„ONS STELSEL"**

„Die grondslag van ons stelsel is dat enigiemand, wie hy ook al mag wees, hoe ongewild sy opinies ook al, se regte ingekort mag word tensy die beginsel van inkorting deur die parlement aangeneem en die feite voor 'n hof in openbare sitting uitgemaak is nie."

**Hierdie pragtige preek in staatsetiek kom van die orgaan van 'n party wat nog voor die oorlog verantwoordelik was vir die verbanning uit die skole van werke van Totius omdat dit Engelse leerlinge aanstoot sou gee om te verneem dat hul volksgenote Boerekinders van honger laat omkom het; 'n party onder wie se bewind 'n boek van wyle genl. Maritz in die ban gedoen is, 'n party onder wie se bewind rolprente van die O.B. beslag op gelê is; 'n party onder wie se bewind en deur wie se ondersteuners 'n verbod geplaas is op die speel van Duitse en Italiaanse musiekwerke net omdat hulle „nie van Hitler en Mussolini se politiek gehou het nie" al het Wagner en Verdi met die twee figure in geen verband kon staan nie.**

**DIE O.B. VERBIED**

En van die verbod op die Guardian in Spoorwegboekwinkels gepraat — **is dit nie die Verenigde partybewind wat 'n verbod op die verkoop van Die O.B. geplaas het bloot „weens die houding van die regering teenoor die Ossewabrandwag" nie, soos minister Sturrock dit in 'n brief gemotiveer het?**

Ons sluit die lys wat baie langer gemaak kan word, af, maar beslis nie ons minagting vir hierdie ge-ping-pong oor die tafel van die volk se gemoed nie. **Dit is hoog tyd dat die volk rigting kry weg uit hierdie ewigdurende gemaal waar op sy ore een strook deur die ge-ping van hierdie en die ge-pong van daardie party se propaganda met dieselfde politieke balletjie val, sonder dat 'n saak grondig en in 'n atmosfeer van welwillende samespanning aangepak word.**

**Wat die volk nodig het is nie meer die geping-pong tussen wedywerende politieke partye nie, maar 'n volksoptrede tot redding van land en volk.**

---

Dr. Malan se beleidsverandering ten opsigte van die Empire maak dit noodsaaklik dat daar nou onderskei moet word tussen republikeinse republikeine en Empire-republikeine. Onder laasgenoemde tel, behalwe Die Burger en Die Transvaler, ook nog die Cape Times en die Argus.

---

## Afrikaanse Kindertal Oorheersend

**Ongeveer twee uit elke drie kinders wat in Transvaal op skool is, praat Afrikaans, volgens inligting wat die Transvaalse Administrateur, dr. W. Nicol, verstrek het.**

**Dit blyk ook dat die persentasie Engelssprekende leerlinge in die laerskole baie laer is as in die hoër skole. In die hoërskole maak die Engelssprekendes 40 persent van die totale aantal leerlinge uit.**

---

## Padda Lewe 1,000 Jaar As Fossiel

Daar is 'n paar gevalle in Suid-Afrika bekend waar paddas binne in rotsformasies gevind is wat lewendig was, maar na blootstelling aan die lug doodgegaan het. Dat hierdie diere honderde jare in hul klipkloosters opgesluit moes gewees het, moet aanvaar word, maar hoe hulle aan die lewe gebly het, is 'n raaisel wat nog nie opgelos kan word nie.

Nou word uit Amerika berig dat 'n „padda-fossiel" wat in 'n stuk ys gevind is en na vermoede 1,200 jaar oud moet wees, onlangs gevind is en dat dit op die oomblik in 'n yskas bewaar word. Die eienaar wil die padda wat vyf duim lank is, nou weer opwek uit sy duisendjarige slaap om te kan deelneem aan 'n padda-wedstryd wat jaarliks in Amerika gehou word. Die eienaar, 'n wetenskaplike, hoop dat sy fossiel-padda die wedstryd sal wen deur die verste te spring.

Wetenskaplikes verklaar dat daar geen perke skyn te wees aan die vermoë van paddas en ander reptiele om lang tydperke van 'n sluimerende bestaan te oorleef nie.

---

## PARTYE PRAAT UIT EEN MOND

**Eenstemmigheid oor nog 'n belangrike vraagstuk tussen die twee groot politieke partye wat in die verlede aanleiding gegee het tot warm debatte, het die afgelope week aan die lig gekom toe die verslag van die kommissie van ondersoek na die Durbanse onluste in die Volksraad bespreek is.**

Die Verenigde Party het dit veral aan die Natalse lede van die Party oorgelaat om die Indiërvraagstuk onder bespreking te neem en die gevoel wat aan daardie kant van die raad geopenbaar is, was in noue ooreenstemming met die menings wat deur regeringslede geuiter is. Was dit nie vir die aanvalle van die kant van die Arbeidersbanke wat geloods is deur dr. T. W. B. Osborn nie, sou daar geen steurende toesprake oor hierdie onderwerp gewees het nie.

Lede van die Verenigde Party sowel as H.N.P.-lede het hulle in hierdie verband hoofsaaklik bepaal tot toesprake waarin die anti-Indiër sentiment baie duidelik deurgeskemer het en waaraan beskuldigings gemaak is van Kommunistiese invloede en waarin beter behuising vir die naturelle gevra is.

**In politieke kringe word hierdie feit as besonder betekenisvol vertolk omdat die binnelandse politieke front nog 'n punt van eenstemmigheid bereik het wat daartoe sal bydra om die gevoel van „ons het mekaar nodig" by die twee partye aan te wakker — 'n gevoel wat koalisie vooraf moet gaan.**

---

# „Nuwe Klank" Was In 1942 Werk Van „Gifsuiers"

**„'n Groot deel van die Afrikanervolk is lank al die mening toegedaan dat ons hier in die land vir praktiese redes 'n vrye, onafhanklike republiek moet hê wat nie deel uitmaak van die Britse Ryk nie," so het dr. Karl Bremer, leier van die H.N.P. in Kaapland, in 1942 verklaar toe hy in Die Kruithoring van 2 Februarie van daardie jaar oor die republiek uitgewei het en verwys het na die voorstel van die Engelse skrywer Cope in die Forum dat Suid-Afrika 'n republiek binne die Statebond moet word.**

Tans is dr. Bremer 'n H.N.P.-senator en nog voorsitter van die Party in Kaapland.

As eerste rede vir die stigting van 'n republiek noem dr. Bremer die feit dat 'n deel van Suid-Afrika vyftig jaar lank republikeins was, en dat die vryheid afgeneem is deur geweld. As tweede rede word genoem die feit dat ons verbindings aan die Britse Ryk ons keer op keer in 'n Engelse oorlog gesleep het wat Suid-Afrika uitput en nuwe rampe meebring.

„Noudat ons 'n nuwe wêreld tegemoet gaan waarin elkeen daadwerklik sal moet optree om aan sy hele bevolking 'n heenkome te verskaf onder die moeilikste omstandighede is dit gebiedend dat Suid-Afrika die bande sal losmaak van lande wat ons wil gebruik as afsetgebied alleen", aldus die H.N.P.-voorsitter.

**„VERKEERDE INDRUK"**

In dieselfde blad skryf die redakteur oor die Cope-republiek:

„Volgens berigte in sekere Sap-blaaie („Die O.B." ingesluit) bestaan daar twyfel onder die Nasionale geledere omtrent die aard van die Nasionale republiek.

„Sekere nie-amptelike verklarings (waarskynlik dié van dr. Otto du Plessis wat hom positief uitgelaat het oor 'n republiek binne die Empire — Red.) het 'n bespreking in Engelse blaaie soos The Forum en Common Sense uitgelok. **DIE VERKEERDE indruk is ongelukkig geskep dat die Nasionale Party 'n beleid kan voorstaan van 'n republiek binne die Empire.**

**„Hierdie indruk is geheel en al vals en van alle grond ontbloot."**

**„AFGESKEI VAN RYK"**

**Die blad verwys dan na 'n verklaring van dr. Malan oor die republiek wat onder meer lui: „Dat met die oog op die veranderde internasionale posisie van Engeland, Suid-Afrika omgeskep sal word in 'n republiek wat vry en onafhanklik, AFGESKEI VAN DIE BRITSE KROON EN RYK IS."**

Die blad eindig met die teregwysing: „Aan alle gifsuiers onder die onnasionale elemente — aandag asseblief!"

Vandag staan die H.N.P. 'n republiek binne die Statebond voor en verklaar dr. Malan openlik dat ons binne die Statebond moet bly. Deur sy pers word dit genoem „'n nuwe klank".

Die O.B. staan nog by die nasionale standpunt van 'n republiek „afgeskei van die Britse Kroon en Ryk" — of hy nou wel nog deurgaan vir 'n „Sap-blad" weet ons nie.

Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels
en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en
Varkmeel


VEREENIGING CONSOLIDATED
MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

Het U
SPRINGBOK
Medium
probeer


In Pakkies van
10, 20, 50. Met
of sonder kurk.
G2-1031

DIE O.B., WOENSDAG, 25 MEI 1949

# BINDENDE BANDE

In sy toespraak oor die „nuwe Statebond” voorverlede week in die volksraad het dr. Malan 'n baie betekenisvolle sinnetjie gesê **waarmee hy die wese van die moderne Britse imperialisme uitgedruk het.** Aangesien dit nie in die nasionale koerante opgeneem is nie, herhaal ons dit hier soos dit in Hansard (No. 15, par. 5683) weergegee is:

„Dit is dikwels gesê — **ek dink my agb. vriend daar aan die anderkant van die Huis (genl. Smuts) het dit dikwels in baie sterker woorde beklemtoon** — dat die Britse Ryk nie 'n organisasie is nie, of daar is nie so iets as 'n Britse Ryk nie behalwe Engeland en sy kolonies; maar die Statebond is nie 'n organisasie nie — **dit is 'n lewende organisme;** en 'n lewende organisme kan nie bly lewe as hy nie aanpassingsvermoë na nuwe omstandighede het nie. **En die feit dat die Statebond ook nou weer getoon het 'n aanpassingsvermoë te hê, het gemaak dat hy kon lewe en bly lewe in die verlede. Dit maak dat hy kan bly lewe vandag.** As daar in die grondslag van die Statebond was wat ons in Engels noem ‚rigidity' (onbuigbaarheid) dan sou die Statebond al lankal ondergegaan het. . . . . Met ander woorde, laat ek dit so uitdruk:

**„As die bande wat bind, losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees.”**

In ons vorige uitgawe is beklemtoon dat dr. Malan na sy onlangse besoek aan Londen te voorskyn getree het as die nuwe draer van Britsisme — die pleitbesorger van Britse Statebondsgrootheid en -eenheid in sy **moderne** gedaante — watter goeie oogmerke dr. Malan ook al daarmee mag hê. **Dat dit so is blyk al dadelik uit sy gebruikmaking van genl. Smuts se Empire-woordeskat — die Empire is nie 'n organisasie nie, maar 'n „organisme”, 'n lewendige liggaam wat sy eenheid vind nie in die formele koningskap nie, maar in „veel sterker bande”, bande wat die gees bind tot 'n eenheid.** En, blykbaar ewe onbewus dat hy die bewys in persoon lewer, spreek dr. Malan die waarheid uit dat die Empire nog steeds groter beslag op die gees gelê het namate hy die bindende bande losser gemaak het.

## SMUTS SE TAAL

**Dit is dieselfde taal wat genl. Smuts na 1906 ook gebesig het toe hy van die „groot vertrouensdaad” teenoor die Republieke gepraat het — „daardie grootmoedige daad om vier jaar na verowering die republieke weer selfbestuur te gee.”** Met daardie „losmaking” van die Empire-bande is genl. Smuts se gees in beslag geneem, **en vir die res van sy lewe was hy die draer van die destydse „selfbestuur-vorm” van Britse imperialisme of Britsisme.** Genl. Smuts kon nie begryp dat daar nog Afrikaners kon wees wat so „ekstremisties” was dat hulle nie kon besef dat dit nie meer dieselfde Empire is wat hul vryheid met kanonne en bloed afgeneem het nie — die bande is dan losser gemaak! Ons is dan vry om oor ons eie lot te beskik! So het genl. Smuts en sy „Sappe” gesê.

As dr. Malan nou in dieselfde trant praat van „'n nuwe Statebond” waarin lede hul „selfbeskikkingsreg” kan uitoefen en republieke word terwyl hulle nog lede bly en daarom daaraan toevoeg dat Suid-Afrika **„in elke omstandigheid binne die Statebond wil bly,”** dan tree hy net maar op soos iemand op wie se gees daar beslag gelê is ten behoewe van die Empire — hoe goed hy dit ookal bedoel.

As ons die gordyn van die geskiedenis so effens lig, sal dit duidelik word hoe daar in Londen ernstig voorbereidsels getref is vir 'n dergelike beslaglegging op die gees. Toe daar in 1837 moeilikheid met die Frans-Kanadese nasionaliste was, is 'n verslag opgestel deur lord Durham. Sy aanbeveling was dat aan die kolonie groter politieke vryheid gegee moet word in 'n poging om die welwillendheid van die koloniste te wen. **„Laat die kolonies dink hulle is vry, maar voed hulle op in die gedagte van samewerking,” was sy idee.** Hierdie advies is later opgevang deur die veroweraar van die Boererepublieke, Joseph Chamberlain, wat in 1903 met die resep gekom het dat daar **„'n vennootskap gesluit moet word met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie.”**

## GROOT SUKSES

Hierdie idee is toegepas met selfregering aan die voormalige Republieke met die sukses waarvan genl. Smuts in lewende lywe kan getuig. Op sy gees is daar beslag gelê — hy het 'n vriend geword van die Empire. Toe in 1934 die vraagstuk van groter selfbestuur aan Indië na vore gekom het, het Britse staatsmanne weereens gegryp na hierdie resep. Stanley Baldwin het vir **groter vryheid** aan Indië gepleit en sy standpunt as volg gemotiveer:

**„Dis my eerlike oortuiging dat u by magte is om die hele Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red.** Ek verklaar met nadruk dat ek vas oortuig is dat, as u Indië nie hierdie geleentheid gun nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor.” **Met ander woorde, maak die bande losser en lê sodoende beslag op Indië se gees tot redding van die Empire.**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

En ter stawing van sy standpunt het Baldwin daaraan toegevoeg:

**„Die toekenning van selfbestuur aan Suid-Afrika, wat indertyd so gewaagd gelyk het, het getoon dat dit die beste ding vir die Britse Ryk was wat kon gebeur het.”**

Intussen het die Britse „organisme” verder ontwikkel met sy agt koppe en dit het geblyk dat sommige ledemate begin afval het omdat die ou resep van selfbestuur nie meer bevredig het nie. Haastig het Londen planne beraam en toe sy afgesante uitgestuur daarmee — ook na dr. Malan in die persoon van sir Percival Leisching. **Dr. Malan het die resep van 'n Empire-republiek aanvaar — soos genl. Smuts dié van selfbestuur veertig jaar gelede aanvaar het — en hom bereid verklaar om „in enige omstandighede, selfs as ons 'n republiek word” binne die Statebond te bly.**

Vir twintig jaar, sê die Verenigde Party se sprekers, is die republiek nou doodgemaak. Ons voorsien dus hoe daar in die volgende twintig jaar in Londen verwys sal word na die „beste ding wat daar vir die Britse Ryk kon gebeur het” die dag toe dr. Malan die idee aanvaar het van „selfbeskikkingsreg” binne die Empire — die **„lewende organisme” wat nog steeds daarin geslaag het om beslag te lê op die gees „deurdat hy die bindende bande losser gemaak het.”**

# ‚REPUBLIEK VIR 20 JAAR DOODGEMAAK'—MENING VAN VER. PARTY

**„Vir alle praktiese politieke doeleindes het dr. Malan die republiek nou vir 'n tien of twintigtal jare doodgemaak.” So skryf dr. A. H. Jonker, Verenigde Party-L.V., in die Cape Argus in 'n artikel waarin hy die gevolge van dr. Malan se nuwe houding teenoor die Britse Statebond ontleed, en hy maak geen geheim daarvan om te laat deurskemer dat dit in die kraam van sy party pas nie.**

Met verwysing na die verskil van mening tussen dr. Malan en mnr. Strydom of die republiek binne of buite die Statebond moet wees, verklaar die skrywer dat dr. Malan dit vir die geharde republikeine nog moeiliker gemaak het **deurdat hy vir die eerste keer 'n duidelike omskrywing gegee het van die betekenis van ‚die breë basis van die volkswil' waarmee rekening gehou sal word voordat 'n republiek gestig word.**

„Hierdie vraagstuk sal, volgens dr. Malan, voor die kiesers geplaas word, geheel afgeskei van alle ander vraagstukke en moet die steun ontvang van **‚die meerderheid van die stemgeregtigdes in die Unie.'**

„Dit kan alleen 'n volkstemming beteken. By 'n verkiesing moet ander vraagstukke onvermydelik in gedrang gebring word, en 'n oorwinning by 'n verkiesing beteken nie noodwendig 'n meerderheid van al die stemme van die geregistreerde kiesers in die land nie, soos dit duidelik bewys is gedurende die twee jongste verkiesings toe die Nasionale Party 'n meerderheid by die setels behaal het, maar 'n hele paar honderdduisend stemme minder gekry het as die Verenigde Party.

## DOODGEMAAK

**„Hierby het dr. Malan self gevoeg dat gedurende die verkiesing in 1948 sy party duisende stemme gekry het van anti-republikeine wat vir hulle apartheidsbeleid gestem het.**

**„Toe dr. Malan geweier het om verder te gaan as 'n moontlike republiek binne die Statebond en as voorwaarde gestel het dat so 'n republiek alleen tot stand kan kom deur 'n meerderheidstem van alle stemgeregtigde burgers, moes hy geweet het dat dit nie in sy leeftyd of in die leeftyd van die meeste parlementslede kan gebeur nie.**

**„In die praktyk het dr. Malan die republiek vir alle praktiese politieke doeleindes vir 'n tien of twintigtal jare doodgemaak.**

## GEKOMPROMITTEER

**„Mens kan alleen vermoed dat dr. Malan hom in Londen gekompromitteer het. Toe hy steun verleen het aan die saak van Indië is die vraag of hy ook so iets vir Suid-Afrika in gedagte het, sonder twyfel aan hom gestel . . . Dr. Malan se antwoord op daardie vraag moes een van 'n besliste ‚Nee' gewees het.**

„Nou is hy sonder twyfel gekompromitteer. In die verlede het hy bewys dat hy maklik 'n beleid wat in die verlede verkondig is, kan repudieer. **Maar kan hy dit doen in die geval van 'n onderneming wat hy as Eerste Minister in Londen gegee het? Vanselfsprekend nee", meen dr. Jonker.**

## „VERSTERKTE VERTROUE"

Oor die verklaring van dr. Malan, skryf die Sunday Times dat dit swaar is om met die oog op die internasionale toestand te glo dat „'n verantwoordelike Unie-staatsman, wat belas is met die Eerste Ministerskap, dit vir 'n oomblik sal oorweeg om sy land los te sny van die Statebond. **Nietemin bly die indruk dat dr. Malan terug gekeer het met 'n versterkte vertroue in die Statebond as gevolg van sy ondervindings in Londen.”**

(Die blad meen dat dr. Malan hom in sy verslag aan die parlement weereens goed gekwyt het van sy taak („again rose to the big occasion”).

# 200 PLASE VIR DEMONSTRASIE IN BEWARING

**Die Afdeling Grondbewaring en -uitbreiding se huidige doelwit is om so gou moontlik 200 demonstrasieplase, wat oor die hele Unie verspreid sal wees, daar te stel sodat elke boer een van hierdie plase sal kan besoek.**

Hierdie aankondiging is gedoen deur dr. J. C. Ross, Direkteur van Grondbewaring, toe hy die Oos-Griekwalandse boerekongres geopen het.

Tot dusver is daar reeds 33 sulke plase ingestel en elkeen is verteenwoordigend van sy besondere gebied.

„Terwyl ons altyd oortuig was van die voordele wat van gesonde beplanning verkry kan word, het die skouspelagtige resultate wat van daardie demonstrasieplase verkry is, ons eie verwagtings ver oortref,” het dr. Ross gesê.


O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1946-1947 — JAARGANGE 1947-1948

Nou verkrygbaar teen £1/5/- elk

*VOORRAAD BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad



Kotzé

Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# REGERING MOES AMPER BEDANK:

## STEMVEE DWAAL AF

**Die land was verlede Donderdag op die randjie van 'n politieke krisis. Dit was so ampertjies of ons was sonder 'n regering. Maar net toe die regering op die randjie van die afgrond was om af te tuimel het mnr. N. C. Havenga met groot teenwoordigheid van gees ingegryp en 'n instorting op die laaste sekonde voorkom.**

Die hele opskudding is veroorsaak deurdat 'n paar H.N.P.-lede stokkies gedraai het toe daar gestem moes word. **Dit het gebeur juis op die dag dat daar groot feestelikheid geheers het in regeringskringe oor die oorwinning in Vereeniging.**

**Hierdie voorval illustreer aan hoe 'n dun draadjie 'n partybewind se lewe hang en hoe wankelmoedig die parlementêre stelsel is as 'n masjien om 'n volk te regeer.**


Wat gebeur het is dat mev. Ballinger voorgestel het dat die Minister van Naturellesake se salaris met £2,000 verminder moet word. Dit is die gewone metode wat gebruik word wanneer 'n lid propaganda wil maak oor allerlei sake wat nie juis op die agenda is nie. Geen minister skrik vir hierdie soort voorstelle nie, want as die swepe hul plig doen en sorg dat al die stemvee in die parlement aangekeer word as die klokke lui, sal hy nooit hoef te vrees dat sy inkomste-fonteintjie skielik sal opdroog nie. **Maar verlede week het die swepe nie hul plig gedoen nie en 'n agtstuks stemvee het afgedwaal op die kritieke oomblik toe daar gestem moes word.** Te hard kan daar natuurlik nie geoordeel word nie, want die oorwinningsvreugde na die uitslag van Vereeniging het die waaksame oog van die wagters laat verslap.

### KONSTERNASIE

Nadat die hek reeds toegesluit was, is besef dat die regering nie al sy stemvee agter hom het nie, en dat hy 'n nederlaag in die oë staar. Onder groot opwinding het die tellery plaasgevind en toe die uitslag aangekondig word — 'n minderheid van vier vir die regering en die Minister se salaris — is dit begroet met uitroepe van „bedank!" vanaf die opposisiebanke. En dit sou dan ook moes gebeur het. **Die Cape Times verklaar dat in enige dominium en in Brittanje hierdie uitslag gevolg sou gewees het deur 'n bedanking van die regering.** Maar net voordat die voorsitter die uitslag aankondig, het mnr. Havenga opgespring en 'n prosedure-voorstel gedoen wat daarop neerkom dat voorlopig van die onderwerp afgestap word solank die voorsitter „voortgang" gaan rapporteer. Dit het die regering se lewe gered, deurdat daar weer opnuut gestem moes word. **Die swepe van die regering het in alleryl afgesit om die verstrooides te gaan soek. Gelukkig het een soeker op 'n kamertjie afgekom waar hulle besig was om te „konfereer". Die voorstel van mnr. Havenga kon toe die normale meerderheid kry.**

Minister Jansen se salaris bly egter nog vir 'n paar weke in onsekerheid, maar die regering sal die voorstel wel ongedaan maak sodra dit voor die raad as 'n amendement voorgelê word in die verslag van die voorsitter van komitee aan die speaker. **Indien hierdie voorval egter nie „in komitee" nie, dog in die volle raad plaasgevind het, sou die Minister vir 'n jaar sonder 'n deel van sy salaris moes klaargekom het.**

Die hele voorval laat 'n mens egter dink aan die Engelse speletjie „Snakes and Ladders" waar 'n mens sommer skielik deur 'n slang „ingesluk" kan word net na verheffing deur 'n leertjie. Die Britte beskou ook die parlement as 'n spel — die „game of politics."



Heferleerling Jannie Vermeulen.

**Stoere Manlikheid kan u ook verkry**

**Skryf aan:**

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) ..............................

..............................

Adres: ..............................

..............................

Ouderdom: ..............................

O.B. 25/5/49.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### Smaller Vierkleur Voortaan

**Mnr. P. G. J. Pelser, Melville, Johannesburg, skryf:**

Die onlangse grootdoenery van politici en pers laat my onwillekeurig dink aan die hond wat na sy braaksel toe terugkeer.

Alles wat deur die H.N.P. vanaf 1933 kwytgeraak is, is onlangs deur die Eerste Minister in Londen weer teruggesluk en foeitog, die spul stemvee wat altyd regstaan om hande te klap!

Die toedraaiery met die Vierkleur sal in die vervolg baie smaller gedoen moet word, want onthou, daar moet plek gelaat word vir die „Union Jack".

### Het Dokumente Oor Internering

**Mnr. Harry Lawrence, die voormalige Minister van Binnelandse Sake, het in die volksraad erken dat hy nog sowat 200 afskrifte van interneringsen appèlsake in sy besit het. Hy het dit gehou om sy geheue te verfris as hy oor die oorlogsoptrede aangeval word, het hy gesê. Hy het nie bedoel om die regering van inligting te beroof nie.**

### WAARDERING VIR BYDRAE

**Hfkomdt. D. P. Pitout, Vadersgift, Bethlehem skryf:**

Ek wil graag langs hierdie weg, namens die Ossewabrandwag ons dank en waardering betuig aan die Kestell-kommando (C6-33) vir hulle mooi bedrag van £28 wat hulle ingesamel het. Mooi so Kestell, staatmakers is en bly julle! Wanneer die Ossewabrandwag roep weet julle om te antwoord. Baie dankie ook aan die volgende offisiere en Brandwagte wat in kontant bygedra het:

D. Potgieter, £5; P. de Jager, £5; G. v. Rensburg, £1; Mev. N. Beukes, £1; mev. F. Pentz, £1; R. Oosthuizen, £1; R. Oosthuizen, jnr., 5/-.

Baie geluk en baie dankie, julle staatmakers!

*GEE HIERDIE BLAD AAN U REPUBLIKEINSE VRIEND WAT STERF VAN REPUBLIKEINSE HONGER!*

# BRITSE POLITIEK 'N SPELETJIE SÊ GELEERDE

**In 'n hoofartikel het die Cape Times onlangs geskryf oor die verskynsel dat die Britse politiek die voorkoms van 'n spel het.**

„Mense sê dikwels dat politiek 'n blote spel is. **Hulle kom tot hierdie gevolgtrekking nadat hulle die besonder vriendelike gesindheid tussen lede van politieke partye wat kwaai teenstanders is, gadeslaan. Politieke teenstanders maak mekaar in die openbaar uit vir alles wat sleg is, maar in die private lewe is hulle baie danig met mekaar en skyn die beste vriende te wees. Hiervan word afgelei dat hul warm debatte nie werklik ernstig is nie, maar dat die hele ding 'n spel is.**

„Veertig jaar gelede het 'n fyn waarnemer in Engeland 'n teenstelling gemaak tussen die dae toe die politieke stryd vurig en selfs dierlik was, met wat hy die weker toestande van die moderne stryd noem. Sommige politici, het hy gesê, betreur die verandering. Hulle kla dat mense wat op vriendskaplike voet met mekaar verkeer in die maatskaplike lewe, ontwapen is wanneer hulle mekaar in die openbare lewe moet aanval, en dat die politieke stryd gevolglik 'n soort skyngeveg is."

### GELEERDE SE MENING

Dan verwys die blad na 'n boek van 'n Hollandse geleerde, prof. J. Huizinga, waarin 'n hoofstuk gewy word aan die Britse politiek. **„Hy sê dat die debatte in die Britse laerhuis vir meer as 'n eeu tot 'n groot mate gevoer is volgens die reëls van 'n spel en in 'n ware spelerige gees. Die houding en gewoontes van die parlementêre demokrasie was tot onlangs dié van ‚eerlik speel' in Engeland en in die lande wat die Engelse model met welslae oorgeneem het."**

**Die skrywer het daaraan toegevoeg dat hierdie speel-element natuurlik aanwesig is in die hele verkiesingsmasjien.**

### VERKLARING

**Dit is natuurlik aan hierdie verskynsel toe te skryf dat 'n republikeinse party met 'n republikeinse volksorganisasie „nie op sprekende voet" kan verkeer nie, terwyl hy wel op sprekende voet verkeer met 'n Empire-party teen wie hy die hulp van die republikeinse organisasie inroep gedurende 'n „verkiesingspel." Dit is alles deel van die „Groot Britse Speletjie" soos die Cape Times dit in sy opskrif noem.**

# Attlee Straf Lede Vir Hul Opinie: Teen Party Gestem

**Die partydiktatuur het hom verlede week op gestrenge wyse laat geld in Engeland toe die leier van die Arbeidersparty twee lede uit die koukus gesmyt het omdat hulle herhaaldelik teen hom gestem het, en vyf hulp-ministers uit hul poste ontslaan het omdat hulle teen die wetsontwerp oor Ierland gestem het.**

Wat die eerste twee betref geld dit kommunisties-geneigde lede wat reeds baie moeilikheid in die party veroorsaak het weens hul konsekwente kantkiesery vir Rusland. **Dat die party van hulle nie eerder ontslae geraak het nie is slegs toe te skryf aan die skewe opvattings van die Attlee-regering wat nog steeds meer liefde vir bolsjewistiese Rusland koester as vir nasionale Spanje** — met eersgenoemde sit hy naamlik nog aan die V.V.O.-tafel, maar met laasgenoemde wil hy nie eens oor 'n afstand op sprekende voet verkeer nie.

Die sonde van vier van die hulpministers was dat hulle vir die **eerstemaal** dit gewaag het om nie vir die regeringsparty te stem nie toe die imperialistiese klousule in verband met die onderworpenheid van Noord-Ierland voorgelê is. Dit was by 'n aansienlike aantal lede 'n kwessie van gewetensbeswaar, maar die partysweep het geklap, en wee die een wat nie gehoorsaam nie! Die een wat wil deelneem aan die parlementêre spel, moet volgens die reëls speel of skoert. **En die reëls sê uitdruklik: „Geen persoonlike menings word geduld nie!"**

## Woestyn Vrugbaar Gemaak

**Duisende vierkante myle woestyngebied kan ryk graslande word weens 'n geslaagde proefneming wat in Australië onderneem is. In 'n „laboratorium" van 6,000 vierkante myl het wetenskaplikes klein hoeveelhede kobalt-, koper- en sinksulfaat gevoeg. Hierdie stowwe is volop en het veroorsaak dat die gras welig groei en dat slagskape nou daar geteel word.**

**WEES BESKERM!**

*MOTOR-Assuransie by—*

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

**BESTEL ALTYD ALLE**

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTES

**BY**

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

### VERLOWING

LAMPRECHT—LATEGAN. — Hiermee word die verlowing bekend gemaak van Maria, oudste dogter van Hoofkomdt. Dirk Lamprecht en mev. Lamprecht van Oudtshoorn, en Daan, enigste seun van mnr. en mev. Andrew Lategan, Lategansvlei. 25/5/1B.

### HUWELIK

MYBURGH—JORDAAN.—Aan al ons kamerade en vriende wens ons Girty Jordaan en Willie (Kalfie) Myburgh hiermee bekend te maak dat ons D.V. in die huwelik tree te Tiervlei in die N.G. Kerk op 28 Mei 1949. Telegramme: Frankfortstraat 33, Parow. 25/5/1.

DU PLESSIS—AUGUSTYN. — Hiermee maak ons twee Jacobus J. du Plessis, Elandsberg, Sutherland, en Anna C. Augustyn, Sutherland, bekend dat ons (D.V.) trou in die Ned. Geref. Kerk op Saterdag 2 Julie 1949 om 11-uur vm. te Sutherland. Gelukwense en telegramme: Kerksaal, Sutherland. 25/5/1B.

### DOODBERIG

TOMLINSON. — Ons beweging het andermaal weer 'n gevoelige verlies gely, deur die heengaan van mev. A. Tomlinson, Swellendam. Nieteenstaande haar hoë ouderdom, was sy getrou deur haar opregtheid as lid aan dissipline, bydraes en hulpvaardigheid. Mag haar nagedagtenis ons altyd nog inspireer.—Mev. Bedenhorst. 25/5/1.

### AANDAG! AANDAG!

Ondersteun asseblief! Advertensie O.B. 4 Mei Stopmasjientjie. Glisto word as volg gebruik: 1 Eetlepel van vloeistof gemeng 1 pint water. Ter gelykertyd ontsmettingsmiddel. Bestel Glisto Spuit en spuit dit op voorwerp wat u wil skoon hê. Prys van spuit 17/6. Spesiale afslag aan handelaars. — **J. F. Stemmet**, Kloofhuis, Knysna. 25/5/1.

### BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store**, Elim, K.P. T.K.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers**, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### SAAD

Goewermentsgesertifiseerde groentesaad: Chantenay wortel 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Baet 7/6 posvry. Greenfeast Saaderte (handuitgesoek) 1/- lb. £6 10s. 200 lb. sak. Harricot bone £4 10s. v.o.s. Oudtshoorn. **Kango Saadkwekers**, Posbus 107, Oudtshoorn. 18/5/TK.

### MEDISYNE

BLY JONK. Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skilfers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels**, Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/TK

### MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

ALSATIAN-HONDJIES uit kampioenstamboekouers. 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3-. — Zeeman, Robertson. TK/30/3

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

GESUIKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter**, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Al dra 'n dominium 'n republikeinse ring, hy is en bly 'n Empire-ding.

## „AS DUITSLAND STERF"

Van die hand van mnr. Johan Schoeman, P.K. Broederstroom, oor Pretoria, het daar in die afgelope dertig jaar van tyd tot tyd brosjures verskyn in tye van hoë spanning. In gloeiende trant het hy geslaan teen gedane onreg. Die jongste geskrif van hom is 'n uitbarsting teen die onreg wat tans aan Duitsland gedoen word. Onder die titel As Duitsland Sterf het hy 'n ontboeseming te boek gestel waarin hy in baie skerp taal — miskien te skerp om die gewenste uitwerking te hê — lostrek teen die kwaadwillige vernietiging van Duitsland. Die brosjure is bedoel as 'n opwekking teen onreg en vir hulpaksie aan Duitsland. Meeste wat die skrywer sê sal in wye kringe ondersteuning vind, hoewel daar enkele stellings is wat almal nie sal onderskryf nie. Dit is ook jammer dat hy sulke krasse taal gebruik veral waar dit bots met die derde gebod. Die skrywer het kritiek hierop verwag en maak vooruit verskoning met die argument dat die onreg wat gedoen is so groot is dat woorde te kort skiet. Die prys is 2/- stuk.

# Weer 'n Laertrek Op Coopersdal

**Die Ossewabrandwag van Gebied F hou vanjaar weer hul gebruiklike opleidingslaertrek te Coopersdal. Dit duur van 4 tot 15 Julie 1949 en val dus in die Julie-skoolvakansie.**

Die winterklimaat in die Oos-Transvaalse Laeveld is ideaal vir die kampering in die oop lug gedurende Julie, en vrugte en groente is daardie tyd volop. Die dae is heerlik lank en daar is geen reën gedurende daardie tyd wat ongerief veroorsaak nie. Dit is dus 'n ideale vakansie-oord en alle O.B.'s wat kan, moet die Laertrek bywoon.

Die laer sal as volg ingedeel word:

(a) Mans en Boereseuns.

(b) Vroue en Boeredogters.

(c) Gesinslaer. Waar die gesin graag saam wil bly, word so gereël dat gesinne apart saam getrek word.

**BENODIGDHEDE**

Tente. Elke gesin of groep moet vir hul eie tente sorg.

Lanterns moet gebring word. O.B.- en F.A.K.-sangbundels. Bybel, Psalm- en Gesangboek. Skryfbenodigdhede en aantekeningboek. 4 Komberse, Kampbed of matras. Hoed of helmet. Skeergereedskap. Ekstra paar skoene. Jas. Stoel. Wasbare klere. Tandeborsel. Emmertjie, skottel en spieël. 2 Handdoeke. Seep. Skoenwaks en borsel.

Die laerfooi is as volg:


Volwassenes (£1 10s. vir hele laer of gedeelte).


Kinders (onder 18 jaar) 15s. (hele laer).


Kinders (onder 18 jaar) 1/6 per dag (as slegs gedeelte bygewoon word).

Laergangers moet sover moontlik hul eie tente saambring. Vir 'n beperkte aantal kan egter vir onderdak gereël word teen 10/- per persoon, maar dan moet vooraf daarvan kennis gegee word.

**Persone wat die laer sal bywoon moet onmiddellik van hulle voorneme by Sentrale-Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, kennis gee en die nodige laerfooi saamstuur.**







## *Vakansie-Laertrek*

**Die laertrek by Coopersdal was verlede jaar 'n baie groot sukses en die wat dit bygewoon het sal kan getuig van die aangename dae wat hulle in die pragtige natuurskoon deurgebring het. Die foto links wat by daardie geleentheid geneem is, gee 'n indruk van die skilderagtige omgewing waar die laertrek gehou word. Die laer staan op die walle van die Komati-rivier waarin daagliks seekoeie gesien kan word. Die ander twee foto's is geneem van die kampkombuis (bo) met die warmwatertoestel in die agtergrond. Onder is die laergangers besig om te eet in die groot feeshuis.**

# PERD IN RUSLAND VEILIGER AS MENS

**Dit is vandag beter om 'n perd in Rusland te wees as 'n mens. Die perd werk agt uur per dag en kry behandeling deur 'n veearts as dit siek word en sy oppasser word swaar gestraf as die perd in 'n ongeluk betrokke raak. Daarenteen moet 'n mens 15 uur per dag werk, hy kry geen mediese behandeling nie en as hy omkom dan kom sy oppasser sonder straf daarvan af.**

So het Vladimir Petrof, 'n lektor in Slawiese tale aan die Universiteit van Yale, verklaar toe hy onlangs getuienis afgelê het oor slawe-arbeid in die wêreld.

Volgens vlugtelinge uit die Sowjet beloop die aantal slawe-arbeiders in Rusland enigiets tussen vyf en twintig miljoen.

Petrof het verder verklaar dat die sterftesyfer in tronke as gevolg van oorwerk en gebrek aan mediese behandeling jaarliks 15 persent van die totaal behels.

**Interessant** in verband met die getuienis oor die perd is dat Stalin self in een van sy lesings jare gelede erken het dat 'n perd meer waarde het as 'n mens. Hy het verwys na 'n voorval waar hy aan die hoof van 'n span werkers gestaan het. Toe een in die rivier val en verdrink het niemand hom daaraan gesteur nie: „Waar hy vandaan kom is nog baie," was die opmerking. Terselfdertyd het een van die werkers groot besorgdheid geopenbaar oor sy perd wat buite in die koue is en wat hy wou gaan versorg sonder in gedagte aan die drenkeling.

# KARIKATUUR NOU SKIELIK DIE WARE JAKOB

**Die Transvaler, H.N.P.-mondstuk in Transvaal, het voorverlede week 'n loflied aangehef oor die parlement as demokratiese instelling. Onder meer verskyn die volgende waardering:**

„In 'n demokratiese parlement soos die van die Unie besef jy bowendien dat dit die wil van die volk is wat daar na moeisame vorming en langsame groei tot uiting kom."

In 1941 — in die dae tot dr. Malan hom nog beywer het vir die verbreking van die Britse konneksie — was die H.N.P.-opvatting van die parlement ietwat anders. Toe het dr. Malan dit in die volgende woorde veroordeel by geleentheid van 'n toespraak op Stellenbosch (25 Maart 1941):

„Die demokrasie soos ons hom ken — of die Britse parlementêre stelsel wat ons nie met die demokrasie moet verwar nie — is 'n karikatuur van demokrasie. Wat dit betref, het ek geen beswaar dat dit weggeveeg word nie. Dit berus op persoonlike en groepe-belange wat teen mekaar bots. 'n Wedloop ontstaan onder die belange ten koste van diegene wat minder sterk georganiseerd is. Daar gaan verlore wat van die grootste belang is — die volksidee, die gees van selfopoffering. Daar gaan verlore die houding wat vra: Wat doen ek vir my volk, en nie wat vra: Wat doen my volk vir my nie."

Die Ossewabrandwag staan nog by die standpunt van die H.N.P. van 1941 en daarom sien hy in die jaar 1949 nog geen rede om iets te prys as demokraties wat agt jaar gelede so beslis verwerp is as „'n karikatuur van die ondemokrasie" nie.

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 25 MEI 1949

# ‚BOEREJEUG MOET SY PLEK VOL STAAN'

## B.J.-OFFISIERE TREK SAAM

**„Ek wil veral een baie belangrike punt onder u aandag bring, en dit is die noodsaaklikheid dat ons Boerejeug nou alles aanwend om hul identiteit te verkry. Daarmee bedoel ek dat ons Boerejeug erken moet word deur vriend en vyand as 'n aparte Jeugbeweging wat op sy eie verdienste in staat is om sy plig in ons samelewing vol te staan, en vir sy lede daardie waarde het wat hul entoesiastiese volgelinge in ons Boerejeug sal maak. Ons wil hê dat die Boerejeug-gedagte onder ons jeug uitgebou word want dit is een van die kosbaarste skatte wat die O.B. ons volk gegee het en dit is dus ons plig as Jeug om dit wakker te hou en altyd deur te bou." Met hierdie woorde het Jeugkomdt. Kallie le Roux, namens Jeug-hoofkomdt. B. Pienaar, die Boerejeug-offisierssaamtrek te Wellington verlede Woensdagaand geopen.**

### MONUMENTLAER

Die Desember 1949 Monumentlaer is vir ons in hierdie jaar die hoogste toppunt van ons Boerejeug-werk. Al ons opleiding en fondsinsameling word daarop toegespits en alle Boerejeug-offisiere en Boerejeug moet besef dat indien dit enigsins vir ons moontlik is, die Boerejeug graag sy nederige bydrae wil lewer tot die sukses van hierdie fees. Offisiere moet besef dat oral oor in die land, in die skool en in die huise sal ouers en kinders al hoe meer opgewonde raak oor die monumentsonthulling en dit is nie meer as reg dat die Boerejeug ook sy bydrae daartoe lewer nie, en alles in sy vermoë doen om die fees op 'n eerbare en lofwaardige wyse te laat geskied. Boerejeug-offisiere moet dus alles in hul vermoeë doen om fondse in te samel teneinde die nodige onkoste te kan dek wat ons voorlopig maar op £5 per kop sal skat. Saam met die laertrek hang die kwessie van uniformiteit. Weer wil ons dit stel dat alle pogings aangewend moet word om eenvormige drag te hê. Boerejeug-offisiere moet dus probeer dat hul Boerejeug stuk vir stuk hierdie goed aankoop, het spr. gesê.

### ONLANGSE LAERS

„Die was vir my een van die aangenaamste ondervindings om te sien met welke selfvertroue en deeglikheid Boerejeug-offisiere die inisiatief hier geneem het met die onlangse plaaslike laers en wel die laers van Upington, Oudtshoorn, Sutherland, Goudini en les bes Bellville. Aan elke offisier wat hieraan deel gehad het en aan elke Boerejeug wat hierdie laers bygewoon het, my hartlike gelukwense.

„Per stuk van sake is dit u plesier en u voordeel en daarom kan u u self gelukwens. Spesiaal 'n woordjie van dank aan mej. Lenie Roos vir die heldhaftige wyse waarop sy in die bresse getree het vir ons by Oudtshoorn. 'n Verdere woordjie van gelukwense aan ons vliegende Boerejeug-offisiere jeugkomdt. C. le Roux wat die wêreld geskeur het van Kaap tot diep in die Karoo."

### SAMEWERKING

Spr. wil graag van die geleentheid gebruik maak om sy innige dank en diepe waardering te getuig vir die lieflike samewerking en gees van kameraadskap wat hy van die offisiere geniet. Dit is wonderlik as 'n mens moet besef dat die werk wat gedoen word nie voor betaal kan word nie en dat vrywillige diens wat deur liefde gegee is, bo enige ander diens uitstaan. En dit is met hierdie drang wat die Boerejeug besiel is, dat die O.B.-gedagte uiteindelik in ons vaderland sal seëvier.

### DIE BOEREJEUG

Komdt. Le Roux het gesê dat die Boerejeug-redaksie angstig is om nuus te ontvang want die Boerejeug sal dit self graag wil lees en dit beteken propaganda vir ons Boerejeug by die lesers van Die O.B. Ons beskou dit dus as die plig van elke offisier dat hy dit op hom of haar neem om te sorg dat een of ander van sy Boerejeug as korrespondent dien vir die Boerejeugbylaag.

Nadat ander punte op die agenda onder bespreking was, is daar verversings bedien deur komdte. Lenie Roos, by wie se huis die saamtrek gehou was.

**Die byeenkoms was goed bygewoon en offisiere van selfs so ver as Caledon was teenwoordig. 'n Telegram van die Jeugleier is voorgelees en het as volg gelui: „My hartelike groete en goeie wense aan offisiere vanaand".**

Weens onvermydelike omstandighede kon Jeughoofkomdt. Ben Pienaar nie teenwoordig wees nie. Jeugkomdt. Kallie le Roux en Jeugkomdte. A. Cloete het egter sy plek gevul.

In die nabye toekoms sal nog twee saamtrekke gereël word.

**Lees belangrike nuus in verband met ons UNIFORM in volgende week se uitgawe.**

## VERJAARDAG-KETTING

Die volgende maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk.

### MEI

18 Rykie Wassenaar, Middelburg, Tvl.
Susanna Kilian, Middelburg, Tvl.
Jan Pienaar, dist. Ceres.
Anna Pienaar, dist. Ceres.
19 Anna Susanna Herholdt, Koffiefontein.
Gertruida Roets, Pos Moedwil, oor Rustenburg.
Hendrika Smit, Stellenbosch.
Chrisjan Dempers, Hugenoot.
20 Elizabeth Eloff, P.K. Boshoek.
Theo Bohlmann, Paarl.
Magda Fourie, Oudtshoorn.
Martha Landman, Humansdorp.
21 Leonie Lutter, Paarl.
23 Casper v. Wyk, Paarl.
Jacobus v. d. Westhuizen, P.K. Loxton.
24 Elizabeth Rossouw, oor Kakamas.
25 Hester le Roux, Buurmansdrift.
Marianna Nel, Paarl.
Charlene Cilliers, Wellington.

# AAN ALLE LESERS

## Baie Belangrik

**Ons wil graag vir elke persoon, kind of volwassene, wat in hierdie blad, DIE BOEREJEUG, belangstel en 'n gereelde leser daarvan is, vra om meegaande vormpie dadelik in te vul en aan ons terug te stuur. Ons neem hierdie stap in ons lesers se voordeel, die rede waarom hulle later sal uitvind.**

**As daar meer as een leser in 'n huis is, is een vorm vir so 'n huisgesin genoeg.**

**Stuur dadelik die vormpie, anders gaan jy dalk later spyt wees dat jy dit nie gedoen het nie.**

**AAN:**

**Die Redakteur,**
**„DIE BOEREJEUG,"**
**Posbus 1411, Kaapstad.**

**Ek is 'n gereelde leser van ons blad, DIE BOEREJEUG, en sal bly wees as u my naam vir rekord-doeleindes op u register plaas.**

**VAN.......................................................**

**VOORNAME.......................................................**

**ADRES.......................................................**

.......................................................

**Ouderdom................... Datum...................**

**Ek is lid van die Boerejeug — JA/NEE**

**'n Oop koevert met 'n ½d.-seël sal genoeg wees.**

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
25 Mei 1949.

Beste Boerejeug-Maats,

Baie dankie vir die briefies van hierdie week. Dit is nou wel maar min, maar ons is darem bly dat die maats ons nog nie vergeet het nie.

Ons is baie jammer dat ons nie die grappies verlede week geplaas het nie. Ongelukkig het ons nie genoeg ruimte daarvoor gehad nie. Ons probeer egter om dit hierdie week in te kry.

COENIE THERON, S.A. Spoorweë, Koffiefontein, het weer aan ons geskryf. Hy skryf so 'n mooi briefie dat ons dit plaas net soos hy dit geskryf het: „Ek was so bly toe ek my briefie sien. Juffrou het dit ook gelees, toe sê sy ek moet baie gou weer vir u skryf en sê, dat sy sê, sy het 'n spog-seun in haar klas. Ek het tweede prys gekry vir my tekening op die tentoonstelling." (Baie geluk Coenie, ons hoop dat dit volgende keer 'n eerste prys gaan wees. Skryf gerus weer, maat.—Red.)

HANNIE FERREIRA van ROOIDAM, OPKOMST, P.K. TWEERIVIER skryf dat sy 'n Boerejeug-dogter is en graag met ander Boerejeug-dogters wil korrespondeer. Sy is 11 jaar oud en verjaar op 25 Januarie. (Laat ons weer van jou hoor Hannie.—Red.)

Jeugkommandant HITGE van OUDTSHOORN skryf dat Oudtshoorn se Boerejeug nou aan die brand is. Hy stuur ook 'n lys van name in vir die verjaardag-ketting. (Ongelukkig het hy nie die adresse bygevoeg nie. Ons sal bly wees om dit so gou as moontlik te ontvang daar ons die verjaardag-kaartjies moet uitstuur.—Red.)

Ons wil net graag maats se aandag vestig op die vormpie wat nou in DIE BOEREJEUG verskyn. Vul dit in, dit is baie belangrik.

Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.

## Boerejeug Het Geesverwante In Nederland

**Dit is vir ons aangenaam om weer te kan aankondig dat daar in Holland 'n Jeugbeweging is wat gegrondves is op dieselfde gedagtes as ons — aangepas by hulle eie omstandighede, tradisies, ens. Hierdie Jeugbeweging het met die Boerejeug geskakel. Indien daar van ons Offisiere is wat graag met lede van hierdie jeug-organisasie wil korrespondeer, moet hulle asseblief onmiddellik met Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, in verbinding tree.**

## Grappies

Jan: As ek die aand laat tuiskom word my vrou altyd histories.

Gert: Jy bedoel seker histeries.

Jan: Nee, man, histories. Sy grawe altyd in my verlede.

(Ingestuur deur: Sarah Kleyn).

* * *

Een aand kom twee mans van die kantien af. Hulle sien die maan en Piet sê: „Kyk daar is die maan.

Jan: Nee dis die son.

'n Vreemdeling kom verby en hulle vra hom: Meneer wat sit daarbo?

Vreemdeling: Vriende, ek is maar self onbekend met hierdie deel.

(Ingestuur deur: Martha Barnard).

## Boerejeug-Nuus

### OUDTSHOORN

Op Saterdagaand, 14 Mei, het die Boerejeug-Veldkornetskap van Oudtshoorn-Wes 'n baie aangename Pannekoekaand gehou. Dit was bemoedigend om te bemerk dat die belangstelling van die ouers meer en meer toeneem. Baie Ooms en Tannies het dan ook kom kyk hoe die jongspan baljaar.

Elkeen het sy of haar bes gedoen om so veel as moontlik van die heerlike pannekoek te bekom, en 'n pot soep waarvoor een van die tannies gesorg het.

Die liedjie „My hoed die het drie rante", het natuurlik die meeste pret verskaf. Die aangename aand was waarlik 'n groot sukses. 'n Mooi sommetjie is ingesamel by wyse van 'n kollekte.

(Berig deur Veldknt. A. J. Fourie en Veldknte. M. Rademeyer).

### TIERVLEI (Kaapse Skiereiland)

Verlede Vrydagaand het ons weer die geleentheid gehad om 'n baie gesellige huis-funksie op Tiervlei by te woon. Jeugveldkornette Rina Kilian het die Boerejeuglede en vriende by haar huis onthaal.

Die jongspan het gou die ouer geslag verdryf toe hulle begin speletjies speel. Mnr. Harris wou hom egter nie laat wysmaak dat hy oud is nie en het eenvoudig verseg om te loop. Ons het hom dan ook deeglik laat „kuikens kosgee". Nadat Jannie vir ons bangemaak het en Dan hom bloedrooi gebloos het toe hy 'n klopsoen van een van die seuns (Pans was die seun.—Red.) ontvang het, is die klompie uitmekaar. Al singend en laggend is ons die sandstraat af stasie-toe.

(Berig deur Pans Taljaard).

# IEWERS 'N MISVERSTAND AS IMPERIALIS SAAM MET REPUBLIKEIN JUIG

**Met die woord Republiek word daar in die jongste tyd uitermate gegoël. Aan stoere republikeine word vanaf openbare verhoë vertel dat Suid-Afrika „NOU die volste reg verkry het" om 'n republiek te word, en dat ons daardie republiek gaan kry op die bestemde uur. Dan word daar hande geklap vir wat so ewe in Londen „bereik" is.**

**Die mense wat so hande klap oor ons „nuwe vryheid" word aanvanklik so beïndruk met frases van „volkome vryheid," „volste reg,' ens., dat hulle nie meer die gif in die angel gewaar nie — die gif naamlik dat ons van voorneme is om „in enige omstandigheid" binne die Britse Statebond te bly „al word ons 'n republiek".**

**Die blote feit dat die Britse pers, die Britse regering en imperialiste soos Churchill tesame met die Sap-pers in Suid-Afrika nog harder juig as die feesgenote verlede Vrydag in die Kaapstadse stadsaal, behoort tog vir elke denkende persoon 'n aanduiding te wees dat daar 'n baie groot misverstand êrens moet wees. As twee vyande albei juig oor die berig van 'n oorwinning, as twee voetbalspanne albei juig oor 'n drie wat gedruk is, dan weet elke kenner van oorlog of van voetbal dat een van die twee onder 'n misverstand verkeer, en dat een bedroë daar gaan uitkom.**

Die vraag is wie is in hierdie geval bedrieg — die Britse imperialiste waaronder sulke geharde voorstanders soos Winston Churchill, **of die republikeine in Suid-Afrika wat sedert 1906 nog telkens bedroë daaruit gekom het?**

### ENIGE VERANDERING?

As ons nou onthou dat nasionale Suid-Afrika sedert 1935 een stryk deur verneem het dat Suid-Afrika nie vry is nie en dat die oplossing van al ons vraagstukke — „ook die vraagstuk van volkseenheid" — afhang van 'n republiek **„afgeskei van die Britse Kroon EN RYK",** dan moet daar in Londen 'n baie radikale verandering plaasgevind het sowel in die Statebond se samestelling as in die imperialistiese gees om 'n gejubel aan nasionale kant oor „volkome vryheid" te regverdig.

Het daar so 'n radikale verandering plaasgevind in die konstitusie van die Britse Statebond soos geformuleer deur die Statuut van Westminster? Het daar so 'n verandering plaasgevind in die imperialistiese hart van Churchill en die Britse pers?

### NIKS NUUTS

**Op die eerste vraag is die antwoord ondubbelsinnig „nee!" Selfs dr. Malan het in sy verslag aan die volksraad erken dat daar geen NUWE WETGEWING nodig is vir die nuwe era wat aangebreek het nie. Met ander woorde daar is maar net 'n vertolking gegee aan die Statuut van Westminster wat nog maar altyd in daardie wet beliggaam was, en vir die uitvoering waarvan dr. Malan en sy republikeinse volgelinge tot kort gelede geagiteer het. Dit is nog dieselfde wet, dieselfde „vryheid" wat genl. Hertzog bewerkstellig het in die twintiger jare.** Genl. Hertzog het op grond van sy verkrege regte sedert 1927 volgehou dat die Unie die volste reg het om AF TE SKEI van die Britse RYK en om neutraal te bly in enige oorlog — soos Ierland trouens reeds klaar gedoen het voor die Londense konferensie. **In Londen is niks meer of nuuts verkry nie, slegs 'n herbevestiging van genl. Hertzog se standpunt. En as dr. Malan aan sy volgelinge beduie dat die Unie „vandag, ná die Londense konferensie" die reg het om neutraal te bly, die reg het om uit die Statebond te tree, dan weet elkeen dat hy maar net genl. Hertzog se verkrege reg opnuut beklemtoon; en as sy toehoorders hom toesing en huldig vir hierdie „nuwe reg", dan juig hulle twintig jaar te laat en huldig hulle die verkeerde persoon.**

Die eintlike nuwe ding wat in Londen bereik is, is dat die Britte tevrede gestel is dat Suid-Afrika **„in alle omstandighede binne die Britse Statebond wil bly** — selfs al word hy 'n republiek — solank daar geen inbreuk op sy regte gemaak word nie." **Dit is 'n heeltemal nuwe standpunt aan republikeinse kant.** Die republikeine van die verlede het as ideaal gehad **algehele afskeiding** van die Britse Ryk, soos dr. Malan dit ten duidelikste gestel het in sy mosie voor die parlement in 1942, en soos Ierland die pad getoon het. As republikeine vandag juig, kan hulle alleen juig oor die versekering dat Suid-Afrika nie uit die Britse Ryk WIL stap nie. **Wat nuut is sedert die Londense konferensie is dat republikanisme nie meer AFSKEIDING beteken soos voorheen nie, maar HANDHAWING van die BRITSE KONNEKSIE.** Wat nuut is is dat 'n nasionale Eerste Minister tevredenheid uitspreek oor die feit dat Indië, al word hy 'n republiek, **nog sy konstitusie skoei op Britse lees** (Die Burgger 12 Mei), **terwyl republikeine van die verlede — ook dr. Malan wou breek met alles wat op Britse en „vreemde lees geskoei is", en daarom „geen beswaar gehad het dat die Britse parlementêre stelsel weggeveeg word nie". (Dr. Malan op Stellenbosch 1941).**

Die O.B. juig nie, omdat hy besef dat waaroor die mense nou juig, **'n terugwaartse stap** is op die verkrege regte van genl. Hertzog, wat dit moontlik gemaak het om 'n republiek **buite** die Statebond te kry.

**Maar die imperialiste juig omdat hulle besef dat die Empire deur die Londense konferensie gered is — soos dr. Malan self erken wanneer hy sê dat die „indruk van ineenstorting nou uitgewis is" (Die Burger 12 Mei) en dat die Britse Ryk as magsfaktor sal voortbestaan.**

Die imperialiste juig omdat 'n nasionale leier nou verheug voel as die Indiërs hulself opsaal met 'n „konstitusie op Britse lees geskoei" — en dit dus ook vir Suid-Afrika beoog — wanneer die Cape Times aan sy lesers sê dat die wese van die Statebond se konneksie is **„'n gemeenskaplike aanvaarding**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**van vrye parlementêre instellings".**

Die imperialiste juig omdat hulle nuwe Afrikaners vir die Empire „gered" het soos hulle 'n Botha en Smuts daarvoor gered het met formules van „selfbestuur" en „verhoogde status."

**En as die imperialiste juig, dan is daar geen rede vir republikeine om ook te juig nie.** En as hulle dit wel doen, dan verkeer hulle onder 'n tragiese misverstand. **Empire-man en republikein kan tog nie tesame juig, veral nie laasgenoemde as daar geen groter vryheid as dié van 1927 gekom het nie — as die Statuut van Westminster nie verander hoef te word nie!**

**Maar republikeine kan wel treur wanneer mense wat voorheen ontevrede was met die Britse konneksie en met 'n republiek binne die Empire, nou verklaar dat hulle hierdie dinge as ideaal aanvaar.**

# MOONTLIKE GEVOLGE

(Vervolg van bls. 1 kol. 5)

**die herskepte H.N.P. wat die nuwe draer van die Britse konneksie geword het.**

Hoewel die reperkussies van dr. Malan se ná-Londense beleid op die Britsgesinde partywese in ons land voor die handliggend is, is dit nie soseer die geval ten aansien van die nasionaalgesinde partywese nie.

### AFRIKANERPARTY

In die eerste instansie kan die vraag: Waar staan die Afrikanerparty? nie so maklik beantwoord word nie, omdat min. Havenga hom heelwat minder duidelik as dr. Malan uitgelaat het. Min. Havenga het herhaal wat hy en dr. Malan voor die Algemene Verkiesing beloof het, aan die Engelssprekendes, nl. dat 'n H.N.P.-A.P.-regering nie die republiek as 'n kwessie van praktiese politiek gaan beskou nie. **Min. Havenga het egter nie gesê of hy saamstem met dr. Malan dat laasgenoemde 'n „nuwe" Statebond in Londen help skep het nie; hy het ook nie gesê of die „nuwe" Statebond vir hom net so aanneemlik is soos vir dr. Malan, wat nou glad nie meer daaruit wil tree nie; hy het ook nie gesê of hy net soos dr. Malan die ideaal van 'n Afrikanerrepubliek verwerp vir die kompromis van 'n Britse republiek nie.** In die lig van wat dr. Malan gesê het in die Volksraad word die dinge wat min. Havenga nie gesê het nie baie belangrik. Indien min. Havenga van dr. Malan verskil oor die sogenaamde „nuwe Statebond" en ook oor die „republiek binne die Statebond" dan moet die Afrikanerparty nog gereken word onder die nasionaalgesinde partye. Maar wat dan van die bondgenootskap met die Britsgesinde H.N.P.?

### REPUBLIKEINSE PARTY

In die tweede instansie ontstaan die pertinente vraag: **Is dit nie tyd dat daar 'n Republikeinse Party in Suid-Afrika gestig word nie?** Het die tyd nie aangebreek om duidelik te verklaar dat in Suid-Afrika nasionalisme en republikanisme een en dieselfde ding is nie? **En moet daar nie onomwonde gesê word dat republikanisme die anker van nasionalisme is nie en dat nasionalisme sonder republikanisme alte maklik deur die strome van Britsisme meegesleur word nie?** Is die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Party; van die Nasionale Party; en van die „Gesuiwerde" Nasionale Party dan nie bewys hiervan nie? **Ek glo dat Afrikanerisme—die teenstelling van Britsisme — alleen behoue kan bly binne die raamwerk van 'n uitgesproke republikeinse party, bond of beweging.** En ek glo dat sodanige organisasie **nou** gestig gaan word. Eg glo niemand kan die stigting daarvan verhoed nie. En ek glo dat sodanige organisasie die Afrikanervolk gaan lei op die laaste skof van sy vryheidspad.

### DIE OORSPRONG

Die derde vraag: Waar moet sodanige organisasie sy oorsprong hê? beantwoord homself, nl. in die Ossewabrandwag. Dit is die historiese taak van die Ossewabrandwag om vir die Afrikanerrepubliek te stry. Daar **is geen ontvlugting van hierdie stryd nie — dit moet eenvoudig volstry word.** En indien die Ossewabrandwag homself omvattender moet uitbou om die nuwe republikeinse stryd te kan voer op al die terreine waar die stryd heen mag lei, dan sal sodanige uitbouing eenvoudig moet plaasvind. **Dit is onvermydelik.**

Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat dr. Malan se ommeswaai in Londen noodwendig reperkussies gaan hê in die Ossewabrandwag. Indien die Afrikanerparty onbevreesd en ondubbelsinnig gaan uitstaan as die laaste oorblywende nasionaalgesinde politieke party gaan die reperkussies vir die Ossewabrandwag onbeduidend wees. Maar as dit nie die geval is nie kan die reperkussies van diepgaande aard wees.

# Statebond Het Beslag Gelê op Gees

(Vervolg van bladsy 1 kol. 4)

**nie eens die belangrikste band wat die Statebond aanmekaar hou nie.**

„Daar is nie net een band (die band van die koningskap, van ‚common allegiance') wat die Statebond aanmekaar hou nie. Daar is ander bande ook, die wat ek hier genoem het soewe, sterker bande as die band van koningskap, en ek dink hierdie verloop van sake het dit op die duidelikste bewys.

### EMPIRE STERKER

„Ek wil net hiermee afsluit: **Wat hier gedoen is, is nie gedoen tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en in sy mag, en die indruk wat die wêreld sou gekry het en ongetwyfeld sou gekry het, is nou verwyder, naamlik dat die Statebond besig is om te verbrokkel. Die eenheid van die Statebond en daarmee sy krag en mag in die wêreld, is behou geword en ek wil sê is versterk geword.."**

Voortgaande het dr. Malan verklaar: „Daar is sommige wat republikeine is, daar is sommige ander wat in die behoud van die bande van die Kroon glo, maar ek het die vrymoedigheid om te sê dat daardie kant van die Raad en hierdie kant van die Raad, dat alle seksies hier in Suid-Afrika, kom met betrekking tot een saak met mekaar ooreen **en dit is dat as dit vir ons moontlik gemaak word dat daar geen beperkings gelê word op ons vryheid nie, as ons selfbeskikkingsreg nie aangetas word nie, ons dan in die Statebond wil bly. . . . ."**

### „ENIGE OMSTANDIGHEDE"

**„. . . . En op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar, en dit is dat ons graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly, om redes wat ek genoem het. Ek hoop dus dat waar die verklaring van die konferensie ontvang geword is met akklamasie in Engeland, selfs ook deur die Konserwatiewe Party, selfs ook deur mnr. Churchill wat jy miskien sou verwag het om as leier van die opposisie daar nadelige kritiek uit te oefen, wat hy nie gedoen het nie — inteendeel hy het sy ondersteuning van harte gegee aan hierdie verklaring — waar dit met akklamasie sover as ons kan oordeel, ontvang is, deur ander lande van die Statebond, met hier en daar 'n uitsondering, daar hoop ek dat dieselfde ook van Suid-Afrika gesê kan word, en dat dit as 'n belangrike verklaring beskou sal word om die Statebond as magsfaktor in die wêreld te bly behou. . . . ."**

**(LEES OOK ONS HOOFARTIKEL)**

# WET TEEN GEMENGDE HUWELIKE

**Wetgewing wat bedoel is om gemengde huwelike te verbied is die afgelope week druk in die volksraad bespreek.**

**Die Minister van Binnelandse Sake het verklaar dat die wet ten doel het om rassesuiwerheid te bewaar en ook aangekondig dat die Minister van Justisie 'n wetsontwerp sal indien wat die wet sal aanvul sodat dit buite-egtelike geslagsomgang tussen blankes en nie-blankes sal belet.**

Die wetsontwerp bepaal onder meer dat 'n huwelik tussen 'n blanke en 'n nie-blanke nie voltrek kan word nie en as dit wel gedoen word, sal dit nietig verklaar word. As 'n huweliksbeampte wetens 'n huwelik tussen 'n blanke en nie-blanke voltrek, stel hy hom bloot aan 'n boete van £50.

As iemand wat wil trou wetens 'n verkeerde verklaring aflê oor sy afkoms, maak hy hom skuldig aan meineed. As iemand se voorkoms sodanig is dat hy as 'n blanke of nie-blanke deurgaan, word hy as sodanig geag.

Volgens die wetsontwerp word die onus op die huweliksbeampte gewerp om te beslis of die mense wel blank is of nie. Hierdie bepaling is oop vir kritiek omdat die mense slegs aan hul voorkoms geoordeel moet word. Die wet omskryf ook nie wat 'n kleurling is nie. **Die Naturellewet van 1936 is in die opsig baie duideliker omdat dit na die grootouers verwys by die vasstelling van naturelleskap.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.